St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus | Nr. 11 | (012) 804-9670 (012) 804-5039 | 16 April 2010

Beste Ouers

Na 'n kort en baie nat Paasvakansie is ons pens-en-pootjies in die tweede termyn, met die namiddag rooster wat reeds Dinsdag 'n aanvang geneem het. Dit was bemoedigend om so baie seuns en meisies aktief te sien deelneem aan hokkie, netbal en sokker. Verseker asseblief dat kinders die korrekte sportuniform dra – dit verbeter hulle gevoel van trots om deel van die span te wees, en hou die beeld van ons skool omhoog. As gevolg van die kort kwartaal, is ons wedstryd skedules baie veeleisend. Dankie vir u hulp en ondersteuning om kinders by oefeninge te besorg en om seker te maak dat hulle gedurende die week en op Saterdae beskikbaar is vir wedstryde. As 'n leerling in 'n span geplaas word, dui dit op 'n verbintenis vir die hele seisoen. Ons het al ons spelers nodig om ons spanne vol te maak, so maak asseblief seker dat al ons spelers betyds opdaag vir hulle wedstryde.



Die nuwe wedstrydhempies vir seuns sal vanaf Woensdag, 14 April by "The Shop" beskikbaar wees. Wedstryd uitrustings vir beide seuns en meisies moenie vir oefeninge aangetrek word nie. Meisies en seuns moet oefeninge in hulle quantec kortbroeke en die blou en swart golfhempie bywoon. Die ou wedstryd hempies, wat teen afslag verkoop word, mag ook vir oefeninge gedra word.

OUERS/ONDERWYSER ONDERHOUDE

Hierdie onderhoude word gereël om op Dinsdag, 20 April, tussen 16:00 en 19:30 plaas te vind. U is welkom om sonder 'n afspraak te kom, en ek wil ouers aanmoedig om met die onderwysers te kom gesels, of u kind probleme ondervind of nie. Dit is bevestigend vir beide die onderwysers en ouers as 'n vergadering gehou word om die positiewe aspekte van 'n leerling se toewyding en vordering te bespreek. Dit is 'n goeie idee om vir Margaret in die kantoor te skakel om 'n afspraak te maak as u nie in 'n tou wil staan nie. Besorg asseblief teen Maandag die assesseringsdokumente aan klasonderwysers terug.

VOORSKOOL OPEDAG

Ons formele Opedag vir 2011 se Graad 00 en R inskrywings word vir 15 Mei beplan. As u vriende het wat voornemende ouers is, of as 'n boetie of sussie volgende jaar by ons gaan aansluit, sluit gerus vir die oggend by ons aan. Ons Administratiewe personeel sal ook bystand verleen met die invul van aansoekvorms en ook van hulp wees met die finansiële vereistes van inskrywing. Daarna sal die Voorskool personeel inligting oor die kurrikulum en daaglikse program verskaf, en vrae beantwoord. Daar is op die oomblik nie plekke beskikbaar vir Graad Een in 2011 nie, so dit is noodsaaklik vir ouers wat hulle kinders by St Paulus wil inskryf, om hulle reeds op Voorskool vlak in te skryf.

Opedag 09:00 – 11:00, Saterdag, 15 Mei.

"FRENZIED FOOTBALL" VRYDAE

Ons Graad Sewes is ywerig besig om ons aan die gang te kry vir ons eerste Vrydag Civvies Dag, wat vir 23 April beplan word. Ons hoop dat ons leweransiers betyds die goedere aan ons sal verskaf, aangesien ons graag wil hê dat ons kinders hulle hemde deur die Graad Sewes moet bestel. Dit is een van hulle groot fondsinsamelings hierdie jaar. Ons het 'n Sokker Civvies Dag elke twee weke. Met 'n skenking van R5 per Civvies Dag (ook vir die Graad Sewe fonds), mag ons kinders hulle Bafana Sokkerhemde, sportbroekies, sweetpakbroeke of denims, en sportskoene dra. Die geld wat die Graad Sewes insamel gaan gebruik word om die kunstenaar Fanus Boshoff te borg om 'n loodglas venster van die "Vrugte van die Gees" te maak wat in ons Gebedskamer ingesit gaan word.



DIE KRAG VAN GEBED

Ons land het die afgelope paar weke weer eens op die randjie van onrus gehang. Dit is gedurende tye soos hierdie, wanneer ons so maklik in 'n negatiewe spiraal vasgevang word, dat ons die negatiewe mense en die doemprofete doelbewus moet vermy. Ons moet fokus daarop om verby die oppervlakkige verskille wat ons nog kan verdeel, te kyk en ons energie aan te wend om die goeie dinge in ons wêreld, ons land en ons gemeenskap – veral ons ryk kulturele verskille – te vier. Nou, meer as ooit, het ons nodig om elke Suid-Afrikaner - ongeag van ras, kleur of geloof - wat verbind is om geregtigheid, waarheid en vrede na te streef, en wat bereid is om saam te werk om ons land 'n veilige, misdaadvrye groei-omgewing vir ons kinders te maak, se hande te vat. Ons sal daagliks as 'n gemeenskap tot God bid om ons leiers in alle sirkels met krag en moed, wysheid en dapperheid te seën en hulle te lei in die besluite wat hulle maak. Ek nooi u uit om by ons aan te sluit in hierdie gebed, want dit is slegs deur die krag van gebed en ons bereidwilligheid om ons strewe na beheer prys te gee, dat ons pro-aktief en positieif kan werk vir vrede en enigheid wat ons in staat sal stel om ons kinders, wat die hoop vir ons toekoms is, 'n beter toekoms te gee.

IMMUNISASIEVORMS

Ons het immunisasievorms saam met die rapporte gestuur maar ons gaan dit hierdie week weer saam met die kinders stuur. Indien u wil hê dat u kind enige van die immunisasies – 'n gratis diens van die Departement van Gesondheid - en spesifiek masels vir alle kinders en Polio druppels vir Voorskool kinders, moet ontvang, stuur asseblief die vorms teen **Dinsdag, 20 April** terug. LW: Kinders wat verlede jaar die masels inspuitings ontvang het, moet dit nie weer kry nie. Die Gesondheids-departement sal ons laat weet wanneer die Klinieksusters die skool gaan besoek.

MEDELYE

Raleigh Ferreira, wat by St Paulus gewerk en menige van ons spanne afgerig, en kinders leer swem het deur sy "Learn to Swim"-program, is Dinsdag, 6 April in Port Elizabeth oorlede. Ons gebede en gedagtes is by sy vrou, Peggy, die kinders en kleinkinders.

Geniet 'n ontspanne naweek waarin u iets spesiaals saam met u kinders doen!

DIE WEEK WAT VOORLÊ:
Maandag, 19 April: OOV Vergadering
Dinsdag, 20 April: Ouer/Onderwyser Onderhoude
Sokker v Crawford: 1ste, 2de, 3de, 4de by Crawford, O11A&B, O10A&B by St Paulus
Woensdag, 21 April:
Sokker v LRPS: - Opes (Weg); O11A&B (Tuis); O10A&B (Tuis)
Donderdag, 22 April:
Begin-van-die-Termyn Mis
OOV Barnyard: "Super Troupers"
Vrydag, 23 April:
Wêreld Boekedag
Gr. 6 Seuns na St. Alban's Kollege
JCT Sokkerproewe by CBC
Langnaweek – Skool sluit om 12:30

One Day at a Time

Our God is an awesome God.

People are just as happy as they make up their minds to be.

People may doubt what you say, but they will always believe what you do.

Take care of your character and your reputation will take care of itself.

The first step to wisdom is silence, the second is listening.

The rest of your life begins right now.

There but for the grace of God go I.

When you believe in yourself the possibilities are endless.

Why worry when you can pray.

You only live once, but if you work it right, once is enough.

Believe in the beauty of your dreams.